# Republieke en Republikanisme

Deur

PROF. D. J. KOTZÉ

DIE woord „republiek" dui 'n sekere staatsvorm aan. Republikanisme beteken die strewe na 'n republiek, die vestiging daarvan en die strewe om dit uit te bou. Republiek is dus die vorm; republikanisme is die inhoud. Republiek is die letter; republikanisme is die gees en gesindheid. Republikanisme is 'n ideologie; republieke is die neerslag daarvan in die praktyk.

Die begrip republiek is die eerste keer, sover bekend, in Italië gebruik. Die vroegste regeringsvorm wat die inwoners van die staatjie Latium gehad het, was 'n monargie. Daar het dus 'n koning aan die hoof van die staatsbestuur gestaan. Met verloop van tyd het die Latyne egter ontevrede geraak met die koning; hy het 'n neiging getoon om outokraties op te tree, en daar is slegs na die belange van 'n klein groepie mense omgesien. Gevolglik is die koningskap in die jaar 509 v.C. beëindig en is 'n republiek in die lewe geroep. Die republiek het byna vyfhonderd jaar lank, tot 27 v.C., bestaan.

Die woord republiek is afgelei van die Latynse woord *respublica.* Respublica bestaan uit die woorde *res* en *publica.* Eersgenoemde beteken letterlik ding of saak, en laasgenoemde beteken openbaar, publiek of gemeenskaplik. Respublica beteken dus letterlik: die gemeenskaplike saak of gemenebes.

Die woord gemenebes (in Engels commonwealth) beteken: dit wat tot voordeel strek van almal, m.a.w. dit wat al die inwoners van 'n staat bevoordeel. Dit is dan ook wat die bedoeling was met die Italiaanse republiek: dit moes 'n staat wees wat tot voordeel sou strek van die hele gemeenskap. Die regering moes nie in die hande van één enkele persoon of 'n klein groepie mense wees nie, maar in die hande van die hele gemeenskap. Die rykdomme van die land moes ook nie in die hande van 'n klein groepie wees nie, maar in die hande van al die lede van die gemeenskap. Soos ons dit vandag sou stel: dit moes 'n demokratiese land wees. Daar moes politieke en ekonomiese demokrasie wees.

Dié betekenis het die woord republiek al die eeue lank behou. Dit is ook altyd gebruik om die teenoorgestelde van monargie aan te dui, want die term monargie was tot in die Moderne Tyd identies met regering volgens die wil van die koning. Ons kan dus 'n republikeinse strewe definieer as *'n strewe na demokrasie, onder 'n eie en verkose staatshoof en parlement, en met eie nasionale simbole.**

Laat ons hierdie definisie meer uitvoerig verduidelik. In 'n republiek, soos ons dit in die loop van die geskiedenis leer ken, is daar altyd 'n groot mate

* Hierdie definisie is saamgestel nadat die artikel onder opskrif Die Republikeinse Strewe in Suid-Afrika in Die Bylae tot Die Burger van 31 Mei 1961 geskryf is.

van demokrasie — politieke en ekonomiese demokrasie.** Die bestuur van die land is in die hande van 'n groot gedeelte van die bevolking. Hulle, en nie 'n koning of keiser nie, is die bron van alle staatsmag. Daar word ook in 'n republiek getrag om al die inwoners te laat deel in die rykdom van die land. Soms streef republikeine na 'n kapitalistiese, soms egter na 'n sosialistiese of kommunistiese stelsel.***

Republikeine begeer ook 'n eie en verkose staatshoof. Hy moet by voorkeur iemand uit hul eie gemeenskap wees. Hy moet nie sy betrekking erf nie, maar moet verkies word. Sodoende sal hy één van hart met die kiesers wees en aan hulle verantwoordelik wees. Omdat hy verkies word, sal daar sorg gedra kan word dat hy 'n bekwame en eerbare persoon is — wat nie noodwendig die geval is indien die staatshoof sy betrekking erf nie.

Dieselfde oorwegings geld natuurlik vir die ander kenmerk van 'n republiek, naamlik 'n eie en verkose parlement.

In 'n republiek vind ons ook eie nasionale simbole, d.w.s. 'n eie vlag, 'n eie volkslied en 'n eie wapen. In die Frankryk van vóór die Franse Revolusie is die vlag van die Bourbons — die vorstehuis wat oor Frankryk geregeer het — as die nasionale vlag gebruik. Baie Franse was egter nie daarmee tevrede nie; hulle het 'n vlag begeer wat simbolies sou wees van die hele Franse volk en nie slegs van 'n vorstehuis — wat oor meer as één land kon regeer — nie. Gevolglik het hulle 'n nuwe vlag — die Driekleur — ontwerp wat toe die republikeinse vlag geword het. Die Franse republiek wat in 1792 tot stand gekom het, het ook 'n volkslied gekry wat simbolies sou wees van die hele volk se aspirasies.

Ten einde daarvan seker te maak dat hul opvattings, wat vorm en inhoud betref, behoorlik toegepas word, begeer republikeine gewoonlik dat daar 'n geskrewe konstitusie opgestel moet word. Die totale afwesigheid van 'n konstitusie, of selfs die bestaan van 'n ongeskrewe konstitusie, soos in die geval van Groot-Brittanje, word as 'n ongewenste toestand van sake beskou omdat dit die weg vir die willekeur van 'n heerser open. Dit hoef dus 'n mens nie te verwonder nie dat die eerste geskrewe konstitusie van die Moderne Tyd 'n republikeinse konstitusie was. Dit was die sogenaamde Instrument of Government wat in 1653 in Engeland opgestel is.

Die republikeinse strewe kan twee vorms aanneem. Eerstens kan dit suiwer binnelands gerig wees. Dit beteken dat dit nie téén 'n ander land of nasie gerig is nie. Dit neem dan die vorm aan van 'n regstreekse demokratiese beweging.

Die republikeinse beweging in Engeland teen die helfte van die sewentiende eeu was byvoorbeeld suiwer binnelands gerig. Die republikeinse beweging in

** Daar is weliswaar republieke wat politieke en ekonomiese oligargieë is, byvoorbeeld sommige Sentraal- en Suid-Amerikaanse republieke en, na bewering, ook Portugal. In dié geval het hulle egter hulself mettertyd verloën omdat hulle oorspronklik republieke geword het met die doel om demokraties te wees.

*** Dit is interessant dat die woord Volksrepubliek graag in Kommunistiese lande gebruik word. Dit word gedoen om die gedagte dat dit 'n republiek ten behoewe van die hele volk wil wees, te onderstreep. Na hul mening sou 'n republiek met 'n kapitalistiese ekonomie nie waarlik demokraties wees nie omdat dit nie na die belange van die hele volk omsien nie, maar slegs die belange van die ondernemersgroep bevorder. Die politieke struktuur van 'n Volksrepubliek of Volksdemokrasie verskil ook van die Westerse parlementêre stelsel.

Frankryk in die loop van die agtiende en neëntiende eeue was ook binnelands van aard. In albei gevalle moes die outokratiese monargie in eie land vernietig word en deur 'n demokratiese landsbestuur vervang word. Op ekonomiese gebied moes daar ook 'n demokratisering plaasvind.

Die republikeinse beweging wat in die neëntiende eeu in Rusland aangetref is, was ook binnelands gerig.

In die tweede plek kan 'n republikeinse beweging die vorm aanneem van 'n strewe na staatkundige onafhanklikheid. Dit vind plaas in gevalle waar die inwoners van 'n sekere land aan 'n ander, „vreemde", land onderhorig is. Op 'n indirekte wyse is dit natuurlik ook 'n strewe na demokrasie omdat daar van die standpunt uitgegaan word dat die inwoners van enige land slegs ware demokrasie kan besit as hulle op 'n onafhanklike wyse oor hul doen en late kan besluit.

Die republikeinse beweging in Ierland en Suid-Afrika in die loop van die neëntiende en twintigste eeue het die vorm aangeneem van 'n strewe na onafhanklikheid.

As 'n mens die geskiedenis van die republikeinse beweging in ons westerse kultuurkring nagaan, tref dit jou dat die beweging veral sedert die agtiende eeu merkwaardige vooruitgang gemaak het. Voor die agtiende eeu was daar weinig republieke; dit was die Tydperk van die Monargie. Republikeinse bewegings het tevore slegs sporadies voorgekom, byvoorbeeld in die Grieks-Romeinse wêreld vóór die geboorte van Christus, en in Switserland en Nederland teen die einde van die Middeleeue en in die begin van die Moderne Tyd onderskeidelik.

In die tweede helfte van die agtiende eeu het daar egter 'n versnelling in die republikeinse tempo ingetree. Daar het toe 'n paar kragtige republikeinse bewegings ontstaan, byvoorbeeld in die Amerikaanse kolonies en in Frankryk. Dit was veral 'n gevolg van die ideologie bekend as Liberalisme wat toe sterk op die voorgrond getree het. Die Liberalisme het die gedagte van politieke en ekonomiese gelykberegtiging en selfbeskikkingsreg beklemtoon, en dit het 'n kragtige reaksie teen kolonialisme en teen die outokratiese koningskap tot gevolg gehad. Die mense wat deur die Liberalisme beetgepak is, het verwoede kampvegters vir selfbestuur en onafhanklikheid geword. En dit wou die meeste van hulle deur middel van 'n republikeinse regeringsvorm verwesenlik.

In die laaste helfte van die agtiende eeu het daar reeds in Noord-Amerika en in Frankryk republieke ontstaan. Die konstitusie van die V.S.A., wat in 1787 opgestel is, het die republikeinse ideale wat ons hierbo genoem het, op 'n ondubbelsinnige wyse tot uitdrukking gebring.

In die loop van die neëntiende eeu het die republikeinse beweging in verskeie lande vordering gemaak. In Suid-Amerika het daar verskeie republieke tot stand gekom toe die Spaanse kolonies hulle van die moederland afgeskei het. In Europa self was daar ook enkele republikeinse bewegings, maar byna almal was onsuksesvol. Die republikeinse vloedgolf is daar teëgehou enersyds deur die feit dat die monargieë nog te sterk was, en andersyds deur die verskynsel dat sommige monargieë — byvoorbeeld Duitsland en Italië — 'n

demokratiseringsbeleid gevolg het en sodoende die kritiek teen hulle tot 'n mate ontsenu het. Ook in Afrika het daar heelwat republieke ontstaan, wat ook meestal onsuksesvol was.

In die twintigste eeu het die republikeinse beweging egter snelle vordering gemaak. Talle onderhorige gebiede, binne en buite Europa, het republieke geword. 'n Mens kan byna sê dat republikanisme die tydgees van ons eeu op konstitusionele gebied geword het.

In die neëntiende en twintigste eeue is dit die „normale" patroon dat gebiede wat monargieë was, republieke word. Daarvan is daar talle voorbeelde. Ons dink maar aan die U.S.S.R., Duitsland, Frankryk, Italië, Oostenryk, verskeie Balkanlande, Egipte en Turkye. Dit is egter interessant om te weet dat die teenoorgestelde ook in enkele gevalle voorgekom het. In 1660 het Engeland, wat die voorafgaande elf jaar lank 'n republiek was, byvoorbeeld weer 'n koninkryk geword. In die tyd van Napoleon het Frankryk die republikeinse regeringsvorm prysgegee om weer 'n monargie te word. In 1852, nadat Frankryk weer 'n paar jaar lank 'n republiek was, het dit wéér gebeur. In 1813 het Nederland vrywillig 'n monargie geword nadat dit reeds meer as twee eeue lank 'n republiek was. In 1935 het Griekeland, wat sedert 1924 'n republiek was, ook weer 'n koninkryk geword. Op die oomblik is Spanje 'n republiek, maar daar is reeds te kenne gegee dat dit weer 'n monargie kan word. Sulke gevalle is egter uitsonderings.

'n Mens sou verwag dat daar veral in protestantse lande republikeinse bewegings sou ontstaan. Die kerkhervorming was tog immers téén die Rooms-Katolieke Kerk gemik, en in Europa het dié Kerk in die Middeleeue die Monargie gesteun. Indien die protestante dus teen die Katolieke Kerk in opstand kom, sou 'n mens verwag dat hulle hulle ook téén die Monargie sou verset. Bowendien het die invloedryke kerkhervormer, Johannes Calvyn, hom ten gunste van die republikeinse staatsvorm uitgespreek.

Hier en daar, soos in die Nederlande in die sestiende en sewentiende eeue, het die republikeinse beweging inderdaad 'n voedingsbodem in die Protestantisme gekry. Dit mag ons egter nie tot die konklusie voer dat die Protestantisme en republikanisme altyd hand aan hand gegaan het nie. Dit was nie altyd die geval nie, byvoorbeeld nie in Groot-Brittanje en Duitsland nie, en ook nie in Nederland sedert die neëntiende eeu nie. Protestante was dus nie noodwendig republikeinsgesind nie.

Aan die ander kant is Rooms-Katolieke nie noodwendig monargaal-gesind nie. Om die waarheid te sê, daar het al dikwels sterk republikeinse bewegings in Rooms-Katolieke lande voorgekom. Ons dink hier aan Switserland in die veertiende eeu, aan Frankryk in die agtiende en neëntiende eeue, en aan Spanje, Portugal en Italië die afgelope honderd jaar. Dieselfde geld ook vir baie lande waar die Grieks-Ortodokse Kerk eens die septer geswaai het.

Die republikeinse bewegings in hierdie Katolieke lande was direkte demokratiese bewegings. En omdat die Rooms-Katolieke Kerk en die Grieks-Ortodokse Kerk die Monargie gesteun het, het hulle die demokratiese bewegings veroordeel. In 1876, toe daar in Frankryk 'n algemene verkiesing gehou is,

het die Rooms-Katolieke priesters byvoorbeeld openlik téén die republikeine gepreek. Die republikeine het dus die Katolieke Kerk as hul vyand beskou en dit skerp gekritiseer. Baie van hulle het selfs die Katolieke Kerk afgesweer. Die republikeinse bewegings in Rooms-Katolieke lande — en ook in die Grieks-Ortodokse geloofskring — het dus vir 'n baie groot mate uit vrysinnige persone bestaan.

Daar is nog 'n paar ander interessante verskynsels in verband met republieke waarvan ons kan melding maak. Eerstens: 'n republiek hoef nie noodwendig amptelik die naam Republiek te dra nie. Die Oranje-Vrijstaat was byvoorbeeld 'n republiek. Tog tref dit 'n mens dat die woord „republiek" nêrens in die konstitusie voorkom nie. Daar word slegs gepraat van De Oranje-Vrijstaat. Met ander woorde, dit is 'n Vrye Staat, en nie 'n republiek genoem nie. Die Verenigde State van Amerika word ook nie amptelik 'n republiek genoem nie, hoewel dit ongetwyfeld een is. Dit word slegs United States genoem. Die Weimar-republiek, wat in 1918 in Duitsland tot stand gekom het, was ook 'n republiek; artikel I van sy konstitusie sê uitdruklik dat dit die geval was. Tog het dit die naam Ryk gehad. Die amptelike naam was Deutsches Reich. Van 1649 tot 1660 was Engeland ook 'n republiek. Die name van die staat was egter Commonwealth (1649 — 1653) en Protectorate (1653 — 1660).

'n Ander interessante verskynsel is dat die staatshoof van 'n republiek nie altyd die benaming President gehad het nie. Van 1804 tot 1808 was Frankryk nog amptelik 'n republiek. Napoleon, wat toe staatshoof was, is egter Keiser genoem. Daar het toe op die Franse munte die volgende inskripsie verskyn: La République francaise; Napoléon ampereur (Die Republiek Frankryk; Napoleon Keiser). 'n Tweede voorbeeld is Engeland in die tyd van die Protectorate toe Oliver Cromwell, en ná hom sy seun, aan die roer van sake was. Die staatshoof is toe Lord Protector genoem.

'n Mens tref selfs republieke aan wat glad nie 'n staatshoof besit nie. 'n Voorbeeld van so 'n republiek is Engeland in die tyd van die Commonwealth. 'n Ander voorbeeld is Frankryk vanaf 1792 totdat Napoleon 'n paar jaar later weer die betrekking van staatshoof geskep het. Ander voorbeelde is die Bataafse Republiek wat in 1795 in Nederland tot stand gekom het, en die Republiek van Natal wat die Voortrekkers in 1839 daar gevestig het. Geeneen van hierdie republieke het 'n staatshoof gehad nie.

Ten slotte kan nog daarop gewys word dat die betrekkings Staatshoof en Regeringshoof, waar albei in 'n republiek bestaan, nie noodwendig geskei word en in die hande van twee persone geplaas word nie. Soms word dit geskei: soms ook nie. Twee voorbeelde van state waar dit wel geskei is, is die Bundesrepubliek (Wes-Duitsland) en die Republiek van Suid-Afrika. Daar word die staatshoof President (in die geval van Suid-Afrika Staatspresident) genoem, terwyl die regeringshoof Kanselier en Eerste Minister onderskeidelik genoem word. Twee state waar dié betrekkings wel in één persoon verenig is, is die V.S.A. en Pakistan. In sulke gevalle word die betrokke staatshoof en regeringshoof President genoem. In hierdie gevalle is die Presidentskap en die Eerste Ministerskap dus in één en dieselfde persoon verenig.